Vensterkoop — Leesboek bladsy 73

Jaco Jacobs — Tema in Leerderboek: Voete

Verstaan die gedig

1. Dit gaan waarskynlik oor hoe die spreker in die straat of in 'n winkelsentrum loop en verlangend staar na alles wat in die vensters uitgestal is. (1)
2. Die spreker stel belang in musiek; die aangesprokene in sport en rugby. (1)
3. Sy ma het saam met hom gegaan. (1)
4. Sy ma het seker gedink die stewels kos te duur. (1)
5. Die seun en sy ma bespreek letterlik die prys van die skoene. Maar die idioom "as die skoen jou pas, trek dit aan" beteken: As jy skuldig is, moet jy aanvaar as mense jou beskuldig. (2)
6. Hy dra die sak met die stewels "soos 'n trofee".
   Hy sien die spreker en sy voel meteens "onkant".
   Die spreker bloos van skaamte: Dit is asof hy vir haar 'n "rooi(gesig)kaart" gee.
   Hy sien nie die spreker raak nie (stel nie in haar belang nie). Hy is "soos 'n blinde ref". (2)
7. Dit kan die gras van die veld wees, sy opponente, maar dit kan figuurlik ook die spreker en haar gevoelens wees. (1)
8. Die spreker kan nie sommer net iets doen sodat hy haar raaksien of van haar hou nie ("Just do it") en vir haar is dit onmoontlik om enigiets meer te doen ("Impossible is nothing"). (1)
9. Die verkoopsman vra die spreker of hy kan help. Sy "systap" hom "lomp en onatleties" (weer sportuitdrukkings) en sê vinnig: "Ek-kyk-net-dankie". Sy praat die waarheid. (1)

Te voet — Leesboek bladsy 75